Lêer verw/ Navrae/Enquiries:
File ref: 15/3/4-1/Erf_1240 Mnr AJ Burger

15 Desember 2015

CK Rumboll & Vennote
Posbus 211
MALMESBURY
7299

Per Geregistreerde Pos

Meneer/ Dame

VOORGESTELDE AFWYKING VAN BOULYNE OP ERF 1240, ABBOTSDALE

U aansoek gedateer 28 Oktober 2015 met verwysing ABB/9415/JL rakende die onderwerp het betrekking.

Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 7.25 gedateer 13 Mei 2015 aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 69(1) van Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Grondgebruiksbeplanning (PG 7420 van 3 Julie 2015) word die aansoek vir ‘n afwyking op erf 1240, Abbotsdale ten einde af te wyk van die 10m straatboulyn na ±4,5m, sowel as die 5m syboulyn na ±2,5m onderskeidelik, ingevolge Artikel 60 van die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Grondgebruiksbeplanning (PG 7420 van 3 Julie 2015), goedgekeur.

Die uwe

MUNISIPALE BESTUURDER
per Departement Ontwikkelingsdienste

AJB/ds

Afskrifte: Boubeheerbeampte

Departement: Siviele Ingenieursdienste

Departement: Finansiële Dienste

Redes vir goedkeuring

- Swartland Munisipaliteit is van voorneme om ‘n biblioteek met Provinsiale befondsing op erf 1240, Abbotsdale te bou.
- Die biblioteek is tot voordeel van die gemeenskap van Abbotsdale.
- Geen besware is ontvang vanaf omliggende/affekteerde eienaars nie.